

2 April

Handelinge 1:1-8

Weer gee die Here 'n kans

Die Bybel waarsku ons dat almal eendag voor die Regter sal verskyn. Op daardie dag, lees ons, sal die boeke geopen word. Heel waarskynlik is dit ons eie geheue waarna verwys word. Want alles wat in die loop van my ganse lewe deur my bewussyn gegaan het, is in my geheue vasgelê. Dit alles sal dus op daardie dag weer voor my kan afspeel. En voor die Regbank sal dit as bewysstuk kan dien van al die selfsug waaraan ek my skuldig gemaak het in my lewe en van al die onreg wat ek gepleeg het. Maar nou is dit nog nie die oordeelsdag nie. Nou gee die Here nog kans om sake reg te stel soos hier by die Jode. Hulle het die helpende hand van liefde afgestaan, die God van oneindige ontferming gekruisig. Maar nou stuur die Here sy boodskappers uit met die belofte van vergiffenis vir wie berouvol na Hom terugkeer en in sy liefde glo. En dan gee Hy uitdruklik opdrag dat hulle juis in Jerusalem moet begin. Weer gee die Here aan hulle 'n kans om tot hulle sinne te kom soos hoeveel keer die loop van hulle geskiedenis. Dit is gelukkig as ons nou reeds van tyd tot tyd terugflitse te siene kry uit ons eie sonde-geskiedenis. Dit is nie lekker om aan die oordeelsdag te dink nie. Dit kan beangstigend wees. Maar dit kan ons tot ons sinne bring, sodat ons vra soos die Jode na die uitstorting van die Heilige Gees en na wat die apostels vir hulle te sê gehad het: Wat moet ons doen?

En die apostels het 'n antwoord gereed gehad: Bekeer julle. Besef wat 'n verskriklike onreg julle gepleeg het. Maar besef ook hoe ver God bereid is om te gaan en dat Hy julle ten spyte van alles tog nog liefhet. En al sien julle Hom dalk nou nog maar net asof in die skemering voor die dag breek, werp julleself op Hom. Hy wag. Nog steeds gee God weer 'n kans.

Sing: Psalm 139:12

Ds. M.P. Kruger (De Hoop-sending)